

Boukuns-skatte van Suid-Afrika (16)

DIE OU NASIONALE BANK EN MUNT VAN Z.A.R. IN PRETORIA

BYNA soos 'n klein Renaissance-paleis in Milaan, Florence of Rome staan hierdie ou Nasionale Bank en Muntgebou trots as een van die juwele in die wesfasade van Kerkplein, Pretoria.

Die gebou met sy sandsteen-fasade en volmaakte verhoudings het deur die jare 'n pragtige diep rooi-geel kleur gekry wat des te meer die gedagtes na Italië wegvoer.

Aan die een kant van die vooraansig, ongeveer een meter bokant die sypaadjie, is die hoeksteen, wat op 6 Julie 1892 deur president Paul Kruger gelê is, duidelik sigbaar.

Hoewel die gebou vandag as 'n pakkettekantoor deur die Poskantoor gebruik word, vertel die hoeksteen duidelik dat hierdie gebou eens die trotse Nasionale Bank en Munt van die Zuid-Afrikaansche Republiek was.

'n Silwertroffel is deur die bouer, J. J. Kirkness, aan president Kruger oorhandig en met groot moeite het die president baie seker gemaak dat die hoeksteen waterpas lê. Agter die hoeksteen is toegemessel: die koerante van dié besondere dag, geldstukke van die destydse Republiek, asook 'n dokument met al die handtekeninge van die bankpersoneel daarop.

Die gebou het 'n kleurryke geskiedenis. Dit is hier waar die Duitser Friederick Munscheid wat vir die Republiek van die Duitse Imperiale Munt in Berlyn gewerf is, drie Duitse muntperse, gemaak deur die firma Ludwig Loewe van Berlyn, geïnstalleer het.

Een van hierdie drie muntperse is vandag nog in 'n werkende toestand en staan in die nuwe Muntgebou. Die geldstukke wat geslaan is, was 'n goue pond, silwergeldstukke van 5/-, 2/6, 1/-, 6 en 3 pennies en bronspennies en -halfpennies.

In 1898 het Paul Kruger, uit erkentlikheid vir die skenking van die £10 000-standbeeld van homself, vir Sammy Marks toegelaat om die Munt 'n volle dag lank tot sy eie voordeel te gebruik.

Dit was die geboorte van die Sammy Marks-tiekie waarvan dié dag 215 in goud geslaan is. Een van hulle het onlangs R500 op 'n veiling gehaal!

Hoe mooi sal die oorblywende muntpers nie weer tot sy reg kom in sy oorspronklike standplaas as deel van bv. 'n muntmuseum nie.

Dit is met opregtheid wat gehoop word dat hierdie gebou nie net in die vorm van 'n tekening of foto sal voortbestaan nie, maar as lewende bewys van die kleurryke geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

HANNES MEIRING

Gedruk deur Nasionale Tydskrifte Bpk., Leeuwenstraat 1, Kaapstad